HIER IS LAURIKA EN ANTON WEER

Nuwe musiek van Laurika Rauch en Anton Goosen is altyd nuus, en vanjaar beslis goeie nuus.

KLINKGOED

DEUR COENIE DE VILLIERS

LAURIKA RAUCH
DIE GANG

'N Plaat deur Laurika Rauch is altyd 'n gebeurtenis, en *Die Gang* is geen uitsondering nie. Hierdie uitreiking is minder toeganklik as *Mannetjies Roux*, en die verwerkings meer akoesties en introvert. Ek sou egter my plateversameling daarop verwed dat musiekliefhebbers vir 'n la-a-ang tyd na *Die Gang* gaan luister. Rauch kies haar repertoire vir die subtiliteit van die liedjies, en nie noodwendig vir hulle kommersiële inslag nie. 'n Verskeidenheid skrywers en komponiste dra by: Koos Kombuis, Lucas Maree, Eugène Marais, Pieter van der Lugt, Nataniël, Christopher Torr (die skepper van *Mannetjies Roux*), en les bes, nuusbaas Freek Robinson wat nou ook musiek op sy agenda plaas.

Nie al die liedjies is ewe suksesvol wat die inhoud en formaat van die liriek aanbetref nie. Swakker liriek word egter deur Laurika Rauch se benydenswaardige talent beredder: selfs 'n banale liriekfragment klink in haar mond treffend en betekenisvol.

Miskien is dit die les wat dié ervare sangeres ander liedjievertolkers kan leer; om te gaan soek na die subteks van die liriek, die onderliggende betekenis, en dit dan met eerlikheid en erns te sing. Laurika benader Cupido en Jacques Brel met dieselfde oortuiging, en — as u my die woordspeling sal vergewe — die wonderlike resultaat is op rekord.

La Rauch laat Dietrich op haar neus kyk met 'n outentieke weergawe van *Lili Marlene*, en 'n mens kan weer en weer luister na die effens atonale *Sonder seile teen die wind*, of die Kaapsheid van *Liza se klavier*.

Musiekregisseur Peter McLea verdien weer eens kudo's vir die gehalte van die produksie. Dit is selde dat 'n mens 'n musiekregisseur raakloop wat individuele kunstenaars só sensitief benader. (Interessant genoeg, die meeste van die sessiemusikante op dié plaat speel ook op Anton Goosen se nuwe uitreiking wat hiernaas bespreek word.)

Die trefwoord vir hierdie album is klassieke *understatement*: Rauch se sang is deurspek van 'n intense subtiliteit, die verwerkings suggereer eerder as om te oordonder — en met elke luisterslag word *Die Gang* groter luistergenot.

ANTON GOOSEN
DANZER

Anton Goosen doen op *Danzer* dit wat min kunstenaars hom kan nadoen: hy maak musiek wat die hele tekstuur van Suider-Afrika op 'n laserskyf vaslê. 'n Mens besef opnuut wanneer jy na hierdie skitterende versameling liedjies luister watter verlies dit vir Suid-Afrikaanse musiek is wanneer Anton Goosen sy baanbrekerstalent buite die sfeer van musiek verkwis.

Die musikale vakmanskap op *Danzer* is van internasionale gehalte: die keur van Suid-Afrika se sessiemusikante speel of hulle lewens daarvan afhang. Die resultaat is 'n musiekproduk waarop die plaaslike bedryf met reg kan trots wees. Lucky Dube se verruklike duo met Goosen laat 'n mens opnuut wens dat plaaslike politici ook hulle samesang so soet en lekker kan bymekaarkry. Maritz Lotz speel kokend kitaar en veral Denny Lalouette se *fretless* bas sing behóórlik op snitte soos *Die regte ding op die regte tyd*.

Anton Goosen kan sonder twyfel pa staan vir moderne Afrikaanse musiek, en op *Danzer* bewys hy dat hy net so tuis is op Engels. Daar is liriekjuwele soos *Come to London*, wat 'n hele tafereel van Suid-Afrikaanse ikone voor die gees roep. Goosen neem verskeie van sy ouer liedjies wéér op (o.m. die pragtige *Brief aan Simone*), en pypkan die inherente gevaar van heropnames netjies deur die verwerkings nuut en kontemporêr te laat klink. Dis jammer dat Anton Goosen sy briljante produk bederf deur 'n Afrikaanse uitspraak wat dikwels geaffekteerd is. En waarom só 'n talent aan blatante pretensie skuldig maak? Die wonderlike musikale konsep van *The Outsider* wemel van geforseerde literêre konnotasies wat uiteindelik alle betekenis verloor: Colin Wilson, Camus en T.S. Eliot sou sekerlik deur die innuendo gevlei voel, maar dis weinig meer as *hollow, man*. En waarom letterlik almal bedank vanaf Sonja Herholdt tot by Nietzsche en Hegal (sic.)?

Klein jakkalsies ten spyt, *Danzer* is 'n treffende produk wat in die Kerskous van elke Suid-Afrikaanse musiekliefhebber tuishoort.